# TEMMERS VAN DIE WOESTYN

No. 36
Wolke voor
die Maan.




braam le roux

Die taai Vuilbaard snak na asem en hy besef dat hy sy taktiek sal moet verander. Hy los Zirk se keel en hy steier van die witman af weg. Met die wegsteier probeer hy 'n klip opraap, maar Zirk is te gou vir hom. Net toe hy buk om die stuk rots op te tel, tref eers Zirk se linkervuis hom op die oor en dan voel hy net 'n dowwe slag en hy sien sterretjies helder oordag as Zirk se regterhou hom skuins teen die ken tref. Die hou ruk sy kop en hy val teen die grond neer, kreun en probeer opstaan. Dit is of sy oë nie kan sien nie en iets in sy kop sing. Met sy linkerhand ruk Zirk hom nou orent en as sy kakebeen hier by hom oop is, stuur hy sy vuis met al sy krag daaragter, vorentoe. Dit klap hier teen Vuilbaard se kakebeen en met 'n roggelende geluid keer die swaar Griekwa om en vou teen die grond neer.

Sotomslag: Chris du Plooy

# TEMMERS VAN DIE WOESTYN

No. 36
Wolke voor
die Maan.



braam le roux

## INHOUD

Hoofstuk — Bladsy

1. Die Swart Hings .......... 3
2. Smeulende Haat .......... 21
3. Spore in die Sand .......... 39
4. Nes van die Aasvoël .......... 57
5. Vergelding .......... 78

## Hoofstuk 1

## DIE SWART HINGS

Dit is so donker dat die ruiter net 'n paar treë voor hom kan uitsien. Maar sy perd ken hierdie wêreld en dit is vir hom maar net nodig om die teuels effens te laat slap lê, dan soek die pragdier sy pad self tussen die menige rosyntjie-, trassie- en haakdoringbosse deur.

Die perd proes af en toe, maar dan slinger hy maar weer verder tussen die bosse deur. Bo in die hemelruim is daar geen beduidenis van 'n maan nie. Die sterre vonkel helder en lewendig. Die donker naglug is skoon; daar is geen enkele wolkie nie. Aan die westelike gesigseinder staan die silhoeëtte van die Langeberge. Ry aan ry vertoon die ronde rugge van die rante, afgewissel deur 'n spits rotsformasie hier en daar. In die ooste, agter die ruiter, steek ook hier en daar die gedaantes van die Rooibergreeks uit.

Die lug is koel en geen enkele luggie trek nie. Dit is ongeveer tienuur in die aand en in die verte kan die gebulk van beeste gehoor word. Dit klink egter gedemp en dof op. Verder kan die ruiter net die hoefslae van sy eie perd hoor, onreëlmatige hoefslae, want af en toe stamp die swart hings met sy hoewe teen 'n los klip en dan weer moet die dier effens oorslaan na 'n trippelgang as die bosse voor hom vinnig in die nag verskyn en hy skielik links of regs moet swenk om te verhoed dat sy baas deur die haakdorings gekasty word.

'n Myl of wat verder hou die ruiter sy perd skielik effens in. Die dier begin stap. Hier is die wêreld ineens nie meer so ruig nie en dit lyk of die sterlig dinge in hierdie omgewing herkenbaar maak. Nou kan die ruiter die groot gedaante van 'n kameeldoring sien; hy kan die ronde spoelklippe in die sterlig sien skitter; gladde klippe van allerlei kleure, waarvan hy nou net die groter, spierwit klippies kan onderskei. In werklikheid gaan die ruiter nou deur 'n rivierloop, 'n breë loop waarvan die bedding bestrooi is met hierdie mooi spoelklippe wat hom soms laat dink aan die kosbare blink klippies wat die mense uit die groot gat in Kimberley haal.

Onder die groot kameeldoringboom hou hy sy perd in en fluit saggies. Die swart perd staan nou in die skaduwees van die groot boom. Sy ruiter sit fier en regop op sy rug en dit is asof hy luister, aandagtig luister, trag om elke geluid wat opklink, te herken. Hy ken die langgerekte gehuil van 'n silwerrugjakkals wat ver-ver teen

die sterre kerm. Hier digby is dit weer 'n uil wat die nag ideaal donker vind vir sy muistogte. En dan is dit die gebulk van die beeste, wat nou effens nader opklink. Beeste bekoor hom altyd, want beeste beteken geld, rykdom! Die diamantvelde het beeste en nog eens beeste nodig, en die ruiter is nou al weer onbewus besig om van die deurmekaar gebulk af te lei hoe groot daardie trop is. Dit is Bernard Fick se pragdiere wat daar bulk — rooi poenas wat hy in die vrugbare kloof laat wei. Hy weet nie eens presies hoeveel daar is nie, en elke dag word die trop deur kalwers aangevul. Daar is jong tollies en versies wat nog nie eens gebrandmerk is nie. Dit is 'n plesier om hulle in die kloof te sien wei; mooi om te sien as die rooi poenskoppe jou nuuskierig oor die lang gras heen aanstaar wanneer jy verbyry.

Daar is 'n glimlag om die ruiter se lippe. Sy hart klop altyd vinniger as hy die trop so hoor bulk. Hulle is net hier agter die eerste koppe. Bernard Fick het een van die vrugbaarste plase hier in die Noordweste.

Die ruiter is diep in bepeinsing. Kimberley lê ongeveer 150 myl van hier af. Duisende der duisende mense drom daar saam sedert 1868 en op hierdie dag van die jaar 1895 is hulle vleislus nog nie gestil nie. Mens kan maar al die beeste van die Noordweste bymekaar maak, dan sal dit nog nie genoeg wees vir Kimberley se fortuinsoekers nie. En boonop kry mens 'n goeie prys per bees. Jy kan binne 'n paar maande skatryk wees, en vandat hy in die afgelope week met die "verkoop" van beeste aan die smous op Barkly, sestig myl van hier af, begin het het hy alreeds 'n fortuin gemaak, maar voordat hy klaar is met sy skema, sal hy nog baie meer geld hê en daarna sal hy nie rus voordat byna die hele Noordweste aan hom behoort nie. Hierdie groot stuk aarde tussen die Lange- en die Rooiberge, tot by Kuruman, moet nog eendag syne wees. Hy gee sy gedagtes vrye teuels. Dit is heerlik om hier in die nag in die veld onder 'n kameeldoringboom toekomsplanne te beraam, om te droom van groot mag en rykdom. Bernard Fick se plaas moet nog aan hom behoort, ook Talita Momsen s'n en dan moet ou Karel Landman s'n waai. As hy hulle drie eers het, is dit kinderspeletjies om die kleiner boere se grond in te palm, kinderspeletjies. Hy het Bernard Fick al mak. Ná vanaand sal hy dalk swig.

Hy trek sy longe vol vars lug en luister en dink maar weer.





Skielik is daar 'n ander geluid wat hom vinnig regop in die saal laat kom. Dit is die reëlmatige slag van hoewe, perdehoewe wat in die nag opklink. Hy glimlag toe hy die geluid hoor.

"Hulle kom," fluister hy tot homself. "Hulle is altyd betyds. Ek kon nooit twee beter vennote gekies het nie."

Hy stuur sy groot swart hings dieper die skaduwees is. Hy het gesê dat hulle om tienuur hier by die kameeldoring moet wees, en dit is nou net skuins voor tien. In die donkerte lig hy sy swart masker effens en vee die sweet met sy sakdoek uit die holtes van sy oë. Ná 'n rukkie plaas hy die masker weer voor sy oë en nou smelt ruiter, perd en boom ineen. Selfs binne tien tree van die boom af, sal niemand ooit sê dat daar 'n frisgeboude ruiter op 'n groot swart perd sit nie. Dit is seker die puikste hings in hierdie kontrei, vinnig en sterk en vir hierdie bosse- en bergwêreld gemaak. Die ruiter is geklee in 'n swart drag en het 'n pikswart breërandhoed op sy kop, wat hy nou egter afhaal om sy min hare plat te stryk.

Die geklop van die hoewe kom nader en nader. Weldra kan die ruiter in die donker twee gestaltes tussen die bosse sien deurkom. Hulle ry nou stadiger en die ruiter kan hulle hoor fluister en hy kan die perde hoor blaas.

Toe hulle die kameeldoring nader, slaan die twee perde oor in 'n stadige gang. Die twee ruiters kom tot by die diep skaduwees van die ou kameeldoring, maar nog is hulle nie bewus van die ruiter hier in die donkerte voor hulle nie.

"Hy is nog nie hier nie," merk die een ruiter teenoor die ander op. "Die Swart Rower is nog nie hier nie. Vanaand is ons 'n rapsie voor hom."

Die Swart Rower op sy perd begin sag lag en dan stuur hy sy perd vinnig vorentoe en kom uit die skaduwees te voorskyn.

"Jy slaan die bal ver mis. Die Rower is hier. Julle is vanaand presies dertig sekondes laat."

Die ander twee lag hartlik en die een vra:

"Wat doen ons vanaand?"

"Aha, kan julle nie hoor hoe ou Bernard Fick se molle daar brul nie? Hulle is in 'n puik toestand. Ek weet dat hulle vandag die jong beeste uitgekeer het. Hulle is nog nie gebrandmerk nie. As ek dit nie mis het nie, is dit hulle wat daar bulk. Hulle wei oudergewoonte in die vrugbare kloof."

"O, vanaand is dit Bernard Fick. Jy is 'n doring met jou

spioenwerk, Swart Rower," en weer lag hulle heerlik saam.

Die ruiter op die swart perd is haastig en sy perd is ook ongeduldig. Die dier byt en rem aan die stang, trippel onrustig rond.

"Dit is nie vir ons nodig om te wag nie. Bernard is vanaand alleen. Daar is wel 'n veertienjarige seun saam met hom, maar hulle sal nie sommer iets agterkom nie. Die huis staan twee myl van die kloof af waarin die jong goed vanaand bàljaar, en as hulle nie baie gaan bulk met die slag dat ons uit die kloof uit opbeweeg nie, sal Bernard en die seun môre wakker skrik en van geen sout of water weet nie."

"Maar as ons hulle hier verbyjaag," opper een, "moet ons naby die huis verby beweeg, skaars 'n myl. Sal Bernard ons dan nie hoor nie? Ek bedoel, sal hy die beeste nie hoor bulk wanneer ons hulle voortjaag nie?"

Die gemaskerde lag.

"En as hy dit agterkom en hy probeer ons keer? Wel, julle weet mos wat om te doen. Sus hom aan die slaap, maar sorg dat hy julle nie herken nie. Sit julle maskers nou al oor julle oë."

Die geheimsinnige ruiter se twee makkers gehoorsaam onmiddelik.

'Ons is gereed," sê die twee byna gelyk toe hulle die maskers vinnig voor hulle oë plaas.

Die Rower gee sy swart hings spore en die dier spring proesend vorentoe. Die ander twee swaai hulle perde om en dan ry hulle terug in die rigting waaruit die twee ruiters 'n oomblik gelede gekom het.

"Ek sê," verbreek een die stilte. "Wanneer kom die prokureur se beeste weer in die gedrang?"

Al drie lag asof dit 'n groot grap is.

"A nee, ons sal hom bankrot steel. Laat hom 'n oomblik met rus. Ons steel mos maar net so af en toe van hom."

Hulle ry verder, die ruiter met sy swart perd voor. Die ander twee volg kort op sy hakke. Die gebulk van die beeste word duideliker hoe nader hulle aan die kloof kom. Dit klink egter of die beeste nou rustiger word, of hulle besluit het om nou 'n bietjie in te dut en hulle rus te kry. Dit is vir die Swart Rower 'n goeie teken.

Hulle verlaat nou die bossiewêreld en bestyg 'n heuwel. Bo-op die heuwel hou die geheimsinnige ruiter sy perd in. Die dier speel met sy kop. Die ander twee hou aan weerskante van hom stil. Die





eerste ruiter draai hom in die saal om en blik terug na die ooste. So pas het 'n byna driekwart maan agter die horison uitgelig.

"Hoog tyd," brom die Rower. "Die maan het taamlik gedraai vanaand. Nou sal die molle baie beter loop."

Voor hulle staan die bergruggens ry aan ry. Hulle kan die vrugbare kloof nou sien en as hulle goed kyk, sien hulle reeds die bewegings van die beeste. Hulle moet nog net teen hierdie heuwel afsak, dan is hulle by hulle bestemming en hulle buit. Ver teen die hang van 'n berg, aan hulle linkerkant, kan hulle donker bome onderskei. Van hier af lyk dit soos 'n swart vlek teen die maanverligte rant, maar hulle weet dat dit bome is. Tussen daardie bome woon Bernard Fick, 'n welgestelde boer. 'n Week gelede het sy vrou met vakansie na Barkly vertrek en nou is hy en sy aangenome seun alleen op die plaas. Onlangs het hy heelwat van sy werkvolk verloor en ook sy blanke hulp op die plaas, 'n Boerkêrel wat besluit het dat die diamantvelde beter kanse bied as boerdery. As Bernard vanaand nie te vas slaap nie, sal hy dalk die beeste kan hoor bulk wanneer hulle teen hierdie selfde heuwel uitgejaag word. Maar daarvoor is die Rower ook oorgehaal. Hy gee sy perd weer spore en hulle daal teen die steilte af. Dit gaan maar stadig, want nou is die drie ruiters versigtig om die beeste wat hier in die kom is, nie te verwilder nie. Hier en daar gaan hulle alreeds by 'n paar van die puik diere verby. Die meeste staan en herkou, maar daar is ander wat reeds tussen die lang gras en die rosyntjiebosse gaan lê het.

Die drie ruiters sprei nou uit. Die ruiter met die swart perd stuur sy dier agter 'n groot rots in en die ander twee ry in teenoorgestelde rigtings. Hulle ry om die trop om by die poort te kom wat uit die kom na die berge lei. Hulle moet die beeste van daardie kant af begin aanjaag, sodat die diere teen die heuwel op beweeg en voorthardloop in dieselfde rigting waaruit die Swart Rower netnou aangery gekom het. Die trop word dan ten noorde van Holfontein verbygejaag en dan dwarsdeur die nag tot op Barkly. Die koper van die beeste neem egter reeds tien myl anderkant Holfontein oor.

Die beeste begin al beweeg. Aan weerskante van die rots waaragter die Swart Rower staan, beweeg hulle verby. Daar is 'n beroering onder hulle en hulle begin bulk. Sommige gaan uitgelate aan die spring. Die stroom word later breed en die gebulk raak oorverdowend. Swepe klap agter die trop aan en die stroom rooi

poenas tou teen die heuwel op. Die Swart rower sluit by sy twee makkers aan en behendig druk hulle die beeste netjies uit die kom. Die eerste diere is al op die heuwel en nou word hulle vinniger aangejaag. Nie een kry 'n kans om tussen die stroom uit te spring en weg te hardloop nie. Daarvoor is die geheimsinnige ruiter en sy twee makkers te behendig.

Af en toe hou die Rower sy perd effens in en dan kyk hy in die omgewing rond. Hy kan nog nie onraad merk nie. Dit lyk of die mense daar by die opstal tussen die bome teen die hang van die berg nog heerlik in droomland verkeer.

Vinniger en vinniger gaan die trop sodra hulle in 'n ordentlike stroom georganiseer is. Die diere se gebulk bly egter oorverdowend, want daar is volgens skatting ongeveer vyfhonderd van hierdie jong, vet poenas.

In die huis teen die hang van die berg het Bernard Fick egter reeds onraad gemerk. Hy roep haastig na Lodie en begin vinnig aantrek. Hy kan duidelik hoor dat die beeste wat daar bulk, aangejaag word. Hulle is ook nie meer in die kloof nie, maar beweeg uit die berge na die vlakte. Rowers het een keer tevore Bernard Fick se beeste gesteel, en toe het hy 'n enorme verlies gely. Op hierdie oomblik twyfel hy nie meer daaraan dat sy jong poenas gebuit word nie. in die afgelope twee weke is die Swart Rower op almal se lippe. Boer ná boer het deurgeloop, maar nog steeds kon die vrederegter van Holfontein nie uitvind wie hierdie geheimsinnige stroper is nie.

Bernard gryp sy geweer toe hy klaar aangetrek is, en hy tref die seun reeds by die agterdeur op sy perd aan. Bernard se perd staan ook reeds opgesaal.

"Hoe klink dit vir jou, Lodie?" vra Bernard angstig aan die veertienjarige knapie wat nog 'n kort broek dra maar reeds sy regterhand geword het.

"Dit is seker, Oom .... Daardie beeste word gesteel. Hulle is nou op die heuwel wat daar voor ons lê."

"Hoekom moet dit vanaand gebeur, noudat Peet nie hier is nie?"

"Toe maar, Oom, ons kan hulle keer," bemoedig die seun en hy swaai sy ou voorlaaier sodat Bernard dit kan sien.

"Dit is die Rower, Lodie, en jy weet dat hy en sy bende nie speel nie. Ek hoor die mense sê hulle is drie bymekaar. Hulle word nie sommer gestuit nie. Ons sal versigtig moet wees."





Die perde spring met 'n vaart weg. Hulle ry in die rigting van die heuwel waar hulle die beeste hoor bulk. Vuurvonke spat onder die hoewe van die twee perde uit as hulle oor die klipperige wêreld voortjaag. Lodie bly 'n endjie voor sy oom. Bernard Fick voel effens bang. As dit waar is wat hy in die afgelope tyd van hierdie geheimsinnige beesrower gehoor het, is dit nie eintlik alte veilig om so blindelings voort te jaag nie. Hulle begin al teen die heuwel opry en die gebulk van die honderde beeste is luid hier in hulle ore. Hulle kan die swart stroom reeds sien voortbeweeg. Bernard skree op Lodie:

"Stadig, Lodie! Ons het met gevaarlike mense te doen! Stadig!"

Die seun is egter nie te stuit nie. Hy sien reeds een van die ruiters, en sy voorlaaier bars hier in sy hand. Hy sien duidelik hoe die ruiter sy perd vinnig agter 'n klomp bosse instuur. Die beeste se gebulk is nou luider en hulle begin effens paniekerig voel.

Die Swart Rower het 'n endjie agter die trop aangery en hy het die twee ruiters reeds bespeur toe hulle teen die heuwel opkom. Hy het hulle egter geduldig ingewag om hulle lelik die skrik op die lyf te jaag. Toe die eerste skoot van die seun knal, besef hy egter dat Bernard en die seun vasberade is. Die seun kom nou geen twintig tree by hom verby nie. Die Rower kners op sy tande en 'n skielike plan skiet hom te binne, 'n bose plan, 'n plan om sy begeertes gouer bevredig te sien, sy doel gouer te bereik. Hy lig sy rewolwer op en laat die seun verbygaan. Bernard Fick kom nou vinnig aan. Hy het toegelaat dat die seun hom ver verbyskiet. Bernard hou sy perd effens in, maar sy geweer blaf ook reeds. Hy skiet egter in die hoop dat die diewe sal skrik en op loop jaag. Min weet hy dat die Rower se sake fyn uitgewerk is.

Bernard kom tot binne vyf tree van die rots waaragter die Rower skuil. Die gemaskerde mik. Die skoot knal, maar nie een van die ander ruiters hoor daardie rewolwerskoot nie. Bernard Fick val vooroor. Eers lyk dit asof hy net effens sy ewewig verloor het, maar dan tuimel hy langs die perd se nek af en val grond toe. Sy perd runnik en spring kortom! 'n Oomblik later hardloop hy weer teen die heuwel af, terwyl hy sy ruiter met hom saamsleep. Bernard Fick se voet sit in die stiebeuel vas. 'n Gesmoorde kreet word die lug ingestuur en 'n endjie verder ruk sy voet gelukkig los. Hy rol een of twee keer om en dan bly die liggaam roerloos lê.

Lodie het gesien dat die perd besig is om sy oom te sleep. Hy laat

nou sy perd vinnig omswaai en ry terug. Hy is amper by die plek waar sy oom nog steeds bewegingloos lê, toe 'n ruiter en 'n swart perd agter 'n rots uitspring en sy pad versper. Lodie ruk sy perd in, maar die dier is reeds teenaan die swart hings. Die hees, vreesbevange gerunnik van die perde vermeng met die gebulk van die beeste. Lodie se ongelaaide voorlaaier val uit sy hand en die volgende oomblik klap 'n sweep en hy voel die brandpyn op sy wang en nek. Hy kantel uit die saal. Die Swart Rower swaai sy sweep weer en hierdie keer krul dit om die rug van die seun. Hy val teen die grond en sy perd hardloop verskrik voort. Lodie kerm van pyn. Die gebulk van die beeste klink nou al verder en verder. Hy lig hom effens van die grond af op. Die bloed op sy gesig is warm. Dit drup op die grond en op sy hande. In die onsekere lig van die maan lyk dit soos swart roetvlekke op sy hand. Hy wil opstaan, maar val weer neer. Sy liggaam is vol pyne. Hy lig homself op sy hande effens orent .... en dan sien hy die perd hier by hom; hy sien die breë borskas en die swart, kopspelende nek. Hy lig sy oë en dan kyk hy vas in die swart masker van die ruiter. Dit lyk of die ruiter glimlag. Hy sê nie 'n woord nie, maar wiks sy perd oor die kruis en draai in die rigting waarheen die beeste nou vinniger en byna paniekbevange voortbeweeg.

Lodie snak na asem en probeer weer orent kom, maar dit voel vir hom asof altwee sy bene lam is, en die pyn klop deur sy hele liggaam. Hy staar die ruiter egter met dowwe oë agterna. Perd en ruiter is nou op die hoogste punt van die heuwel en Lodie sien die swart silhoeët vir oomblikke duidelik, die breërandhoed, die regop figuur. Hy kners sy tande, val op sy gesig en lê stil.

Die gebulk van die beeste sterf in die verte weg en Lodie verloor vir 'n paar oomblikke sy bewussyn. Toe hy egter weer bykom, is die gebulk van die gesteelde beeste glad nie meer te hoor nie. Hier, 'n paar tree van hom af, sien hy weer die roerlose figuur van sy oom, eintlik sy peetpa wat hy al leer liefkry het. Hierdie keer slaag hy daarin om orent te kom. Hy loop egter met 'n stuikelgang, want sy regterbeen pyn geweldig. Die bloed het hard geword aan sy gesig. Hy sak by Bernard Fick neer en lê sy hand op die man se hart. Daar is geen teken van lewe nie. Bernard se bene lê onnatuurlik onder hom ingevou. Lodie voel ineens eensaam en bang alleen hier in die nag by die dooie liggaam. Daar is trane is sy oë as hy opkyk in die rigting van die huis daar teen die heuwel, die donker bome wat hom





omring. Vir 'n oomblik weet hy nie wat om te doen nie. Hy bal sy vuiste en begin die swart ruiter op sy perd te verwens. Hy sien nou nog die fris bors van die swart hings wat hier by hom gestaan het, en koue rillings gaan langs sy ruggraat af.

Hy kom weer orent en die trane loop vrylik oor sy wange. Onder in die leegte wei twee perde wat nog opgesaal is. Lodie weet nie wat om te doen nie. Hy kan nie nou teruggaan na die huis toe nie. Daar alleen sal hy nooit slaap nie. Die eensaamheid en die teenwoordigheid van die dood maak hom bang. Miskien moet hy maar sy perd probeer vang en dan deurry na Holfontein toe. Die dorpie is twaalf myl van hier af. Hy behoort darem so teen twee-uur in die nag daar te wees, maar as hy daar aankom, wat doen hy dan? Hy ken niemand goed nie. Dus sal hy nie kan aanklop en slaapplek soek nie. Waarna sal dit lyk? Miskien moet hy die vrederegter gaan opklop en hom van die gebeure vertel, of miskien êrens wag totdat die dag breek en dan die vrederegter gaan spreek. Sukkel-sukkel daal hy teen die afdraand af. Dit is egter reeds eenuur in die nag toe hy op die rug van sy perd sit. Die perd is nog senuweeagtig en bang. Lodie ry stadig in die rigting van die dorp. Weldra bereik hy 'n droë rivierloop en nou kan hy die spore van die gesteelde beeste baie duidelik sien. Hulle is al langs die rivier opgejaag. Hy hoor hoenders kraai. Dit beteken dat hy Holfontein nou nader. Na skatting moet die dorpie nog vyf myl voor hom lê, net deur hierdie leegte en tussen daardie twee koppe deur en hy is daar. Hy het klaar besluit dat hy op die hotelstoep op die bank sal gaan sit en rus totdat die dag breek. Dan sal hy hulp gaan soek. Dit is nou reeds halfdrie, skat hy. Teen die tyd dat hy op Holfontein aanland, sal dit al in die buurt van halfvier wees. Hy sal darem nie lank hoef te wag nie. Lodie se lyf voel seer en die snye wat deur die sweep aan sy gesig veroorsaak is, brand en pyn.

'n Rukkie later merk Lodie dat die gesteelde beeste hier heeltemal noord geswaai het. Hy hou sy perd in. Hy weet dat hulle hier links geswenk het ten einde die dorp te vermy. Hy kry dit in sy kop om die spore te volg en draai sy perd vinnig tussen die bosse in. Die takke van die haak-en-steek, kwarrie en vaalbosse is hierlangs afgeskeur soos die poenas hulle pad deurgetrap het. Hy kan die spoor met toe oë volg. Hy is nou nuuskierig om te weet waarheen die gesteelde beeste geneem is. Hy gee sy perd 'n raps om hom vinniger te laat beweeg.